

16 Februarie 2014

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:50-58
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:57

Dankbare diens op grond van die oorwinning in Christus

Danksy Christus het ons as gelowiges reeds deel aan die oorwinning oor die sonde en die dood. Tog lyk en voel dit vir ons dikwels eerder of ons verloor as wen. Ons beleef die gevolge van die sonde elke dag. Dit wil nie lyk asof die kerk van Christus oorwinnaars is nie.

In ons teksgedeelte word ons daarom opgeroep om te volhard in die hoop wat ons in Christus ontvang het. Ja, die sonde en die dood kan nog steek en seermaak, maar dit het beslis nie die laaste woord nie. Terwyl ons op hierdie aarde leef, moet ons weet dat die sonde en die dood in en deur Christus oorwin is, maar dat die sonde en die dood steeds 'n groot invloed op ons het.

Een van die duidelikste maniere om in die geloof te volhard, is om steeds die evangelie van Jesus Christus met moed te verkondig, ten spyte van die teenstand wat beleef word.

Ons het daarom die opdrag om te leef as oorwinnaars met dankbaarheid. Ja, leef elke dag met sekerheid en met ywer, want in Christus het jy die ewige lewe ontvang.

Hierdie gebreekte wêreld met al sy onsekerheid het daarom nie die laaste sê nie. In Christus het ek die krag om die Here dankbaar te dien. In Christus kan jy seker wees dat jou diens nie tevergeefs is nie.

Sing: Skrifberyming 2-4:1 (Sb 33:1)

Ds GC (Gideon) Coetzee (Standerton/Vrede)